C & N SEKONDÊRE MEISIESKOOL ORANJE

1907

Skoolhoof: Mev. A. Klink
☎ (051) 447 4681 / 447 5074
hoof@oranjemeisies.co.za

Tesourier: Mev. L. Ezendam
☎ (051) 448 0039
finansies@oranjemeisies.co.za

✉ 29335, Danhof 9310
Harry Smithstraat 3
FAKS (051) 447 3083

KENNISGEWING COVID-19-VIRUS

16 Maart 2020

Geagte Ouers/Voogde

Na aanleiding van die Staatspresident se aankondiging ten opsigte van die bekamping van die Coronavirus, wil ons graag die volgende onder u aandag bring:

AKADEMIE:

- Die skool sluit op 18 Maart om 13:45 en heropen op 14 April om 07:45.
- Die volgende vraestelle sal op 14 April geskryf word:

  Gr. 10 Engels
  Gr. 11 Visuele Kunste
  Gr. 12 Wiskunde/Wiskundige Geletterdheid

  Die volgende vraestelle sal op 15 April geskryf word:
  Gr. 11 Dramatiese Kunste

- Daar sal gepoog word om die verlies aan akademiese tyd gedurende die tweede en derde kwartale in te haal.
- Die akademiese inhoud vir alle leerders om op datum te bly, sal spoedig aan die leerders beskikbaar gestel word.
- Leerders moet asseblief die tyd effektief gebruik om akademiese inhoud te bemeester.
- Volgens 'n Departementele skrywe ontvang, word die Junievakansie verkort met sewe skooldae en die Septembervakansie met twee skooldae.
- Sodra die hersiene skoolkwartale se datums vanaf die Departement ontvang word, sal dit met u gekommunikeer word.

SPORT EN KULTUUR:

Die volgende uitstappies/aktiwiteite/toere word afgelas of na later datums uitgestel:

- Waardes-maak-saak-kamp (gaan vroeg September plaasvind)
- Atletiek: SASA-Nasionale Kampioenskap
- Waterkloof Netbaltoernooi
- St. Mary's Kloof Hokkietoernooi – 0/16A
- Elsie Coetzer Hokkietoernooi
- St. Mary's Festival – 1e Hokkiespan
- SA-Tweekamp
- SA-Lewensredding

- ASA-Atletiek
- SA-Tennis
- Motheo skaaktoernooie
- Bloemskou
- Gr. 8-Markdag
- Skool se verjaarsdag
- Ma-en-dogtertee ('n alternatiewe datum word ondersoek)
- Oud-Oranje noenmaal en kerkdiens
- All Girls' Schools' Festival
- Die ATKV-Redenaarskompetisie se eerste uitdunrondes, semifinale en finale rondes
- ATKV-Debatskompetisie se eerste uitdunrondes, semifinaal en finaal
- ATKV-Applous se streeksuitdunne en finaal
- Kursusse van ATKV-Tienertoneel vir die eerste helfte van die jaar
- ATKV-Jeugberaad
- Sodra nuwe ligabepalings van sportkodes beskikbaar is, sal dit gekommunikeer word.

TOERGELD:

- Onderhandelinge is tans aan die gang met die gashere van die onderskeie toernooie om die koste wat reeds aangegaan is, te verhaal.
- Elke aktiwiteitshoof sal reëlings tref rakende die terugbetaal van toergeld.

VERANTWOORDELIKE OPTREDE:

Elke ouer/voog en leerder het die verantwoordelikheid om die verspreiding van die virus te bekamp.

BASIESE RIGLYNE:

- Was hande gereeld/deeglik.
- Hoes/nies in 'n sneesdoekie en gooi dadelik weg.
- Vermy kontak met oë, neus en mond.
- Ontsmet gebruiksopervlaktes en selfone gereeld.
- Vermy winkelsentrums waar groot hoeveelhede mense beweeg.
- Indien u simptome het, bel u Algemene Praktisyn en kry 'n telefoniese voorskrif.
- Besoek noodgevalle slegs wanneer asemnood ervaar word.
- Behou sosiale afstand.

VALS NUUS:

Die skoolkantoor is konstant in kontak met die Departement en is op hoogte van al die verwikkelinge. Ek vra dat u asseblief nie reageer op enige nuus, behalwe dit wat deur die skool uitgestuur word nie. Dit bemoeilik die bestuur van die situasie.

Baie dankie vir u begrip in hierdie verband.

Vriendelike groete.

A. KLINK
SKOOLHOOF